**BAY TYRES**
MAIN ROAD, GANSBAAI
BEST PRICES & SERVICE IN TOWN
**Free**
Safety check on tyres, brakes suspension and wheel alignment.
ANDRÉ / ERNA / JUDITH
074 690 6882

Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Pearly Beach, Baardskeerdersbos, Elim, Bredasdorp, Napier, Hermanus, Stanford
18 March 2022 | 87th Edition | R7.00

SUPERSPAR
Main Road, Gansbaai
028 384 0269
MON - THUR: 08H00 - 19H00
FRIDAYS: 08H00 - 20H00
SATURDAYS: 08H00 - 19H00
SUNDAYS: 08H00 - 15H00

Page 5 Anti- Poaching
Page 6 Vissermanne
Page 8 Barnie Geldenhuys
Page 13 Twaalf Jongmense
Page 14 Rolbal Besigheidsliga

# Gansbaai donated with open hearts -Feed-A-Stray by CFM Wireless-

"Today, on the last day of our 'Feed-A-Stray' community drive, all expectations were exceeded," said Debbie Watson from CFM Wireless. "Gansbaai was our last stop, and the community opened their hearts and donated a whopping 2365kg of pet food." The CFM Wireless gazebo was on the corner of Hoof- and Voortrekker Streets in Gansbaai.

The project to help animal rescue centres in the Overberg was launched by CFM Wireless, Caledon FM and Anré's Funeral Services. CFM Wireless visited the various towns and stayed for almost a day to encourage the community to donate dog and cat food. Challenges were set which contributed to even more donations.

The staff members of CFM Wireless at Gansbaai, were Debbie Watson, Ann Marais, and Pieter Visser. What a joyful day it was. Everyone was friendly, various individuals and businesses challenged one another and it was 'raining' dog and cat food in Gansbaai.

Laerskool Gansbaai learners brought their side beautifully. The pupil's council walked from the school with their contributions to come and hand it over at the CFM Wireless gazebo.

Eagle Security's Annerie Carstens and Lizette Vosloo played a huge role during the Gansbaai event and was also willing to go and upload donations. Jianni, owner of Pet Grocer also contributed by special offers on dog food during the day.

The following animal welfare organisations (alphabetical) will benefit from this project: Birkenhead Animal Rescue Centre (BARC) in Gansbaai, Bredasdorp Anti-animal Cruelty League, Caledon Animal Care, Hermanus Animal Welfare Society, Kleinmond Animal Welfare Society, Stanford Animal Rescue Centre and Villiersdorp Animal Rescue Centre.

The community of Gansbaai contributed a Bowlful of Heart to the Feed-A-Stray project. The winning town will be announced, and the enormous amount of kilogram dog food will be distributed equally to the above-mentioned animal welfare institutions.

**Hardus Botha**





*Debbie Watson, Pieter Visser and Ann Marais (CFM Wireless) are sitting on Gansbaai's donations before leaving Gansbaai.*



*Pieter Visser, Lizette Vosloo, Debbie Watson and Annerie Carstens.*



*Learners from Laerskool Gansbaai in their classrooms with donations.*





Learners from Laerskool Gansbaai in their classrooms with donations.


Pieter Visser (front) with Ann Marais and Debbie Watson from CFM Wireless at the back.



Freddie Rossell (78) and Tiny Summer (86) from Gansbaai walked to the CFM gazebo to hand in their donations.


The pupil's council at Laerskool Gansbaai.



The pupil's council at Laerskool Gansbaai.


Debbie Watson, Annerie Carstens and Dewald Roubaix from Gansbaai OK Foods.



Michelle van Zyl, owner of Gans-Berg News.


Nols Jonas from The Birkenhead Animal rescue centre (BARC) in Gansbaai.


Gallie Badenhorst (right) from Gansbaai Fire Station accepted a challenge and brought their donations to the gazebo.


The staff of the Gans-Berg News, from left: Alethea, Melissa, Hardus, Debbie Watson, Michelle (owner) and Saskia.


Jean-Pierre Coetzer, Debbie Watson, Nicolene Coetzer and their kids.


Debbie Watson and Motorcycle team.


Charmaine Smith, Debbie Watson and Soretha Volschenk.


Jianni Erasmus, Annerie Carstens and Pieter Visser











**For any news contact Hardus at info2@gansberg.co.za**

# Fotografie-sterre van 2021 -Gansbaai Fotografieklub-


*Riaan Jacobs was die ope-wenner vir Januarie 2022 met sy 'Breakwater'-foto.*

Na Gansbaai Fotografie se Algemene Jaarvergadering vroeg in Februarie 2022, het die nuwe en verkleinde bestuur die daad by die woord gevoeg - die klub is volstoom besig met hul 2022-program, wat die een na die ander interessante fotografie-tema insluit.

Intussen is 2021 se fotografie-sterre met welverdiende toekennings in verskillende kategorië beloon. Die prysuitdelingsfunksie aan die einde van 2021 is deur die pandemie gekniehalter.

Voor die prysuitdelings, is die eerste 2022-wenners aangewys. Riaan Jacobs was die Januarie 2022 Ope Wenner met sy '*Breakwater*'-foto. Jane Bailey was die Tema-wenner ('*Something Old*') met haar '*War Memories*'-foto. Die ontvangers van 2021 se toekennings, is die volgende:

Veronica du Plessis - Photographer of the Year; Henry Stock - Runner up Photographer of the Year; Genevieve Bailey - Best 2 star worker; Annetjie Visagie - Best 3 star Worker; Veronica du Plessis - Best 4 Star Worker; Henry Stock - Best 5 Star Worker; Veronica du Plessis - Best Theme Photographer; Veronica du Plessis - Best Open Photographer. Baie geluk aan hierdie presteerders.


*Jane Bailey was die Tema-wenner met haar 'War Memories'-foto (Tema: 'Something Old').*

Die klub se 2022-program maak vir 'n groot verskeidenheid van fotografiese pret voorsiening, maar ook vir kundigheid. Daar is 'n tema vir elke maand tot en met einde Januarie 2023. Belangstellendes wat by Gansbaai Fotografieklub wil aansluit, kan die klub se webtuiste by *Gansbaai Photography Club* vir volledige inligting besoek. Vir verdere besonderhede kan Clive Bailey by 076 312 8305 geskakel word, of stuur 'n epos aan hom by desmond1950@yahoo.com.

**Hardus Botha**













# Leerders se kreatiwiteit met 'n 'een-dag-verbod' op skooltasse

**Laerskool Gansbaai**
Laerskool Gansbaai het aan die begin van Maart 2022 met die idee vorendag gekom om 'n dag af te sonder waartydens geen skooltasse by die skool toegelaat is nie - maar die leerders moes wel hulle boeke saambring.

Die laerskoolleerders het getoon dat daar by hulle geen tekort aan kreatiewe denke is nie. 'n Verskeidenheid van houers is vir hulle boeke gebruik, en dit het enkele onderwysers ingesluit. Houers soos braai-roosters, waarin die boeke toegeknyp is, koelhouers (*cooler bags*), popwaentjies, 'n baba-speelkot en selfs 'n kattehok is gebruik. Sowaar 'n dag om te onthou!

**Hoërskool Bredasdorp**
“Annything goes...Replace your schoolbag!” - Dit was die tema vir die leerders van Hoërskool Bredasdorp kort na Laerskool Gansbaai se dag van 'tasse-tuis', waarskynlik onwetend van mekaar. Hulle kon ook hul skoolboeke in enige houer, behalwe 'n skooltas, skool toe bring. “Dit is alles gedoen om gees te vang voordat die toetsreeks begin,” het Soretha Kotzé, sekretaresse gesê.

Suretha sê aan kreatiwiteit was daar geen tekort nie. Vanaf inkopiemandjies en -trollies, mikrogolfbokse, stapsakke, wasgoedmandjies, kratte, toksakke, broodblikke en emmers tot by 'n springmieliemasjien is gebruik om skoolboeke in te pak.

Kan ons ouer garde maar eerlik wees? Normaal skool toe gaan is deesdae 'oud-modies', met leerders wat weet hoe om uit die boks te dink (!) - maar wat 'n lekkerte moet dit nie vir vandag se leerders wees nie.

**Hardus Botha**


*Hoërskool Bredasdorp matrikulante, Gr 12A.*


*Hoërskool Bredasdorp.*


*Hoërskool Bredasdorp.*


*Hoërskool Bredasdorp.*


*Hoërskool Bredasdorp.*


*Laerskool Gansbaai.*


*Laerskool Gansbaai.*


*Laerskool Gansbaai.*


*Laerskool Gansbaai.*

**Eddie Barnard, die Vrydagmark in die Pretoriussaal se 'musiekslaaf', getrou op sy pos agter sy klawerbord en 'gewapen' met sy sangstem.**




**Vacancy / Vakature**

BLINDS & FLOORING studio

BLINDS, SHUTTERS, AWNINGS, MATTE, VLOERE

**Opsoek na Tegnikus:**
Bereidwillige manspersoon wat blindings kan installeer en bereid is om te leer vir vloer installasies.

**Vereistes:**
Jonk en sober gewoontes energieke wees.
Betroubare + stiptelik + Geldige Bestuurspermit.

**Stuur CV aan of lewer by winkel af.**

Tel: 082 3184 3898 / 082 417 5590
Adres: Protea Sentrum, Hoofweg, Gansbaai, 7220
Epos: info@blindsflooring.co.za


# SANDF supports anti-poaching efforts



FIGHTING ABALONE POACHING IN THE OVERSTRAND Ashley Visagie (CapeNature), Colonel Gaba Mahanjana (Joint Tactical Headquarters Western Cape), Deputy Mayor of Overstrand Municipality Lindile Ntsabo, Lt-Col Adriaan Lotriet (SANDF Staff Officer for Operations), Lieutenant Samkelo Maqolo (Operational Commander SA Navy). In front is Overstrand Law Enforcement officers Kyle Dickson and Bertie Lombard and far right is CapeNature's Charles Meyer at the Kleinbaai Harbour.

The South African National Defence Force (SANDF), SA Air Force, SA Navy, South African Military Health Services and the Military Police Agency deployed to the Overstrand on 24 February 2022 to combat the poaching of abalone and rock lobster and related crime. The deployment falls under the maritime protection Operation Corona.

Overstrand Municipality's Law Enforcement, Cape Nature, South African Police Services (SAPS) and the Department of Forestry, Fishing and Environment (DFFE) joined them as part of the operation. Illegal maritime activities are being targeted from the air, on water and on land. They are supported by members from the Maritime Reaction Squadron with an Oryx helicopter which conducts aerial patrols.

Temporary bases were set up in Gansbaai (Uilkraalsmond), Hermanus and Onrus from where land and sea patrols can be launched swiftly and in more directions, than previous years.

The main goal of Operation Corona is to deny poachers access to the sea.

Lt-Col Adriaan Lotriet, SANDF Staff Officer for Operations, confirmed that this deployment is conducted under the mandate of the SANDF responsibility for maritime border safeguarding. SANDF, with the assistance of above-mentioned role players, will obtain situational awareness and prevent any boats and divers in the area proceeding to sea to conduct illegal activities.

"The success of this operation will not be measured by the number of arrests made and the confiscated poaching maritime resources, but by the fact that we, while deployed along the Overstrand coast, will restrict poaching activities and disrupt the status quo of the poachers," he said.
The good news is that South African Air Force and Navy elements have not only been deployed along the Overstrand, but also along the Cape coast from Lamberts Bay to Cape Infanta under Joint Tactical Headquarters Western Cape.

On Thursday, 10 March 2022, Overstrand Municipality's 'partners in crime', showcased their training, skill and commitment to the fight against the growing level of crime in the area.

Held in Gansbaai and Kleinbaai, the procession of the Operation Corona Maritime Media Day included the Deputy Mayor of Overstrand, Lindile Ntsabo, councillor responsible for crime prevention.

He had the opportunity to board a Namacurra harbour patrol boat from the Navy for a patrol. The Deputy Mayor also observed a trooping from an SA Air Force Oryx helicopter deploying soldiers for a rapid Vehicle Control Point (VCP).

**#overstrand4all**
**#see4yourself**

**Issued by:**
**Overstrand Deputy Mayor Lindile Ntsabo**
**Councillor responsible for Protection Services and Crime Prevention**
**C: 081 491 0949**






EXPECT ROADBLOCKS Deputy Mayor of Overstrand councillor responsible for crime prevention, Lindile Ntsabo, at the (VCP) checkpoint in Gansbaai.

# Vissermanne wag steeds vir antwoorde - meer positief

Edith Kenn van Cape Nature het Gansbaai se vissermankomitee laat weet dat die interne vergadering wat gehou is, positief verloop het. "Ons kan egter nie op ons eie met sinvolle voorstelle terugrapporteer nie," het sy gesê. "'n Eksterne vergadering met ander rolspelers moet eers gehou word om met voorstelle vorendag te kan kom." Die eksterne vergadering het op Woensdag, 16 Maart 2022 plaasgevind. Daarna sal 'n opvolgvergadering met die vissermanskomitee gereël word. Met die ter perse gaan van hierdie uitgawe was die uitslag van die vergadering nog onbekend.

Hierdie vergaderings spruit voort uit 'n massa vissermansvergadering op 21 Februarie vanjaar. Meer as 100 ontstoke vissermanne het die vergadering bygewoon. Die vergadering het egter goed afgeloop met die vissermanne wat voldoende tyd gehad het om hul saak te stel. Die hoofoorsaak van hulle griewe het gehandel oor die onverwagse sluiting van ou en bekende paaie langs die strande - sonder vooraf waarskuwing en met hoë boetes wat teen 'oortreders' opgelê is.

Die drie inisieerders van die massa vergadering was Pieter du Toit, Chris (Goebels) Geldenhuys en Sammy Brett. "Dit gaan primêr oor die onverwagse sluiting van ou en bekende paaie wat al vir dekades deur die vissermanne gebruik word," het Pieter tydens die vergadering gesê. Edith se reaksie was dat dit juis die rede is waarom die afvaardiging na Gansbaai gekom het - om die probleem saam met die vissermanne te probeer oplos.

Na afloop van die vergadering is die voorgestelde vissermanskomitee vanuit die geledere van die vissermanne saamgestel. Pieter du Toit is as die sameroeper aangewys. Die res van die lede (alfabeties) is: Chris (Goebels) Geldenhuys, Chris (Pikkedouw) Geldenhuys, Eben Swanepoel, Ferdi Joubert, Heinrich (Slappies) Lourens, Oubaas Lesch, Piet Viljoen, Pieter Mannie en Sammy Brett.

Pieter het daarna die Gans-Berg Nuus meegedeel dat hy wel in 'n mate positief is oor die uitkoms van die vergadering, maar dat daar nog 'n moeilike pad is om te stap. "Wat belangrik is, is dat ons nou op 'n 50-50 basis kan 'gee en neem' in hierdie situasie," het hy gesê. 'n Opvolgvergadering is op 23 Februarie 2022 gehou. Nou word daar op die terugvoering aan die vissermanskomitee gewag, met 'n volgende massa-vergadering wat weer gereël sal word.


*'n Groep van ons vissermanne het op die pikkewyn (regs) afgekom en hom van 'n gewisse dood gered.*

**Hardus Botha**












# Boereraat vir Aknee

- Smeer aptekers paraffien aan gesig en los vir 5 minute. Was met warm water en seep en dan met yskoue water. Droog goed af.

- Gebruik gelyke hoeveelhede suurlemoensap en water om die vel mee te was.

- Drink elke dag 'n koppie brandneteltee.



Stuur vir ons jou boereraat.
Whatsapp na 066 286 5273 /
Email na: info@gansberg.co.za





**To Advertise**
Saskia van Zyl
083 822 5799
Email:
ads2@gansberg.co.za






# Bietoubos Damesklub en die gezoem van bye -Jill Gilmour-

"As jy so 10-uur se koers op Dinsdag, 8 Maart 2022 by die Kleinsaaltjie sou ingestap het, sou die vinnige groet en geselsies met die Bietoubosdames voor die aanvang van die byeenkoms jou beslis aan die liedjie, "Die gezoem van die bye..." laat dink het," vertel Elizma de Lange van die Bietoubos Damesklub. "Dit sou ook heel gepas wees, aangesien Jill Gilmour van Overberg Honey Company ons gasspreker oor die funksies van bye was!"

Elizma vertel dat Jill geïllustreer het hoe 'n byekorf lyk, asook die verskeidenheid funksies van bye - vanaf die koningin, die werkers-bye tot by die hommelbye - 'n hele mondvol. "Natuurlik is dit die vroulike bye wat al die werk doen," het Jill so terloops bygevoeg. Elizma sê dit was interessant om te verneem dat die maatskappy nie net heuning oes nie. Hulle grootste funksie is om byekorwe na plase te neem sodat die bye die blomme van die vrugtebome en plante kan bestuif. "Daarsonder sal daar nie oeste wees nie," het Jill gesê. Om Dr Google vir meer inligting oor die werksaamhede van Overberg Honey Company te raadpleeg, sal baie interessanthede oor die waarde van bye (slim en intelligent!) oplewer.

"Jill het, behalwe die heuning wat by hul winkel in Stanford te koop is, ook van hulle skoonheidsprodukte saamgebring," vertel Elizma. "Die dames kon gedurende teetyd hierdie produkte na hartelus op die proef stel." Nouja, waar is daar iets beters vir so 'n groot groep dames as om sulke produkte op die proef te stel!

Na afloop van Jill se aanbieding, het die dames eenstemmigheid oor een saak gehad: hulle staan verstom oor die funksies van bye, asook die wonder van die natuur.

**Hardus Botha**




*Die bestuur van die Bietoubosdames, met Jill Gilmour van Overberg Honey Company met 'n byekorf-raam in haar hande.*



*Jill Gilmour by verskillende geure heuning.*



*Jill Gilmour agter 'n verskeidenheid van skoonheidsprodukte.*





# Update: Kleinmond Estuary Confirmed Safe For Recreational Use

The 'no swimming' advisory for the Kleinmond Estuary was lifted on Thursday, 10 March 2022 and the lagoon is open for recreational activities.
The Overberg District Municipality's Health Department (ODM), who is responsible for recreational water quality for estuaries, are satisfied that the water is safe for public recreational use after re-sample results proved to be within allowable limits. Upon their instruction, the warning signage erected, were removed.
The Kleinmond Estuary was closed on 2 March 2022 after high levels of E.Coli and Enterococci were traced after the ODM's water sampling programme during February 2022.
An investigation was requested by the Overstrand Municipal Manager, Dean O'Neill to find the source of the contamination and the following was found:
No spillage or malfunction was evident at the Kleinmond Tennis Courts Sewerage Pumpstation, and this was confirmed by inspecting the trends of the sump level on the telemetry system.
The Kleinmond Administration's Operational Department then did an investigation on the sewer network for a possible source of contamination.
The Operational Department conducted line inspections of the area to determine what may have resulted in the high bacterial levels in the estuary. An overflowing manhole was discovered in the Heuningkloof area. The blockage was cleared and flow restored. Neutralising enzymes were also distributed into the area. The water samples which were received on 10 March 2022, showed an improvement in quality and hence the decision to remove the warning signgs.

**#overstrand4all**
**#C4ourself**

**Issued by:**
**Cllr. Clinton Lerm**
**Overstrand Mayco Member: Investment & Infrastructure**

# Franskraal se 'Vuurtoring-man' -Barnie Germishuys-


Barnie Germishuys, Franskraal se 'Vuurtoring-man'.

'Vuurtoring-man' is sonder twyfel 'n 'titel' wat Barnie Germishuys (64) van Franskraal toekom. Na skool is hy na Germiston vir sy vakleerlingskap, waar hy as die beste vakleerling in Elektro- en Meganies deur *General Electric* (GE) aangewys is. Hy keer terug Kaap toe en werk vir 7 jaar in Bellville. Vanaf 1981 raak hy by Suid-Afrika en Namibië se vuurtorings betrokke en sê dat hy nog nooit weer teruggekyk het nie. Op 31 Julie 2019 tree hy af, "na 46 jaar, 4 maande, 18 dae en 6 ure", soos hy dit gestel het!

Barnie was in beheer van alle vuurtorings vanaf Port Elizabeth tot by Port Noloth en was deurgaans ook by 'n verskeidenheid van projekte betrokke. Tersefdertyd het hy ook Namibië se vuurtorings vir 14 jaar lank onderhou. "Om oor my beroepslewe van vuurtorings te praat, sal 'n dik boek beslaan, veral nog met al die staaltjies wat opgeduik het," het Barnie gesê. In die onderhoud met die Gans-Berg Nuus, het Barnie net na enkele hoogtepunte verwys.

Vroeër jare was die vuurtorings se lampe baie duur. Barnie het in 2006 proefnemings met *Mucury Vacoup* lampe gedoen. Dit was so 'n groot sukses dat dit steeds in gebruik is. "Dan was ek ook in 2007 in beheer van die oorskakeling van 7 vuurtorings na Solarise-stelsels (sonkrag), plus 'back-up generators," vertel hy. Deel van die besparing was dat helikopters aanvanklik gebruik is om diesel op die eilande te kry. Nog 'n groot hoogtepunt was in Oktober 2017 toe hy as Transnet se Beste Werknemer in die land aangewys is - uit sowat 23,000 werknemers! Ander hoogtepunte sê hy was die suksesse wat hy met groot projekte behaal het.

In sy private hoedanigheid was daar ook groot hoogtepunte. So is hy in 1991 aangewys as die Beste Woonwa-kampeerder in Suid-Afrika, waarvoor hy 'n toekenning gekry het. In 1990 en 1991 het hy elke jaar tweede in woonwasleep geëindig - en elke jaar het hy net-net met 'n punt of twee die eerste plek gemis. Barnie is deur en deur 'n gemeenskapsmens en was, en is steeds, by verskeie gemeenskapsprojekte betrokke. Hy het ook vir 11 jaar as voorsitter op die bestuur van die *Friends Day Centre*, 'n skool vir gestremdes, gedien. Tans is hy ook aktief betrokke by die Elim Skool te Elim. Dan is hy nog by Franskraal Buurtwag ook betrokke.

Hoog-aangeskrewe toekennings pryk ook teen die mure. Sy prestige toekenning: die *Chief Executives Award Lighthouse and Navigational Systems* (LNS). In 2010 het hy alle logistieke vir 'n kongres met 482 verteenwoordigers vanuit 63 lande gedoen. Hy was ook deel van die wenspan wat die toekenning, *National Safety and Chief Executive Award* ontvang het.

Barnie is 'n gebore B'Bosser wat op 30 Julie 1957 sy eerste lig aanskou het. Hy was in Laerskool Gansbaai, waarna hy by sy suster in die Kaap gaan bly het. "Daar was ek net tot in Standerd 9 (Gr 11) op skool, waarna ek besluit het dis genoeg," vertel hy. "Ek is die Vrydag uit die skool uit, het die Maandag aansoek vir 'n werk gedoen en die Dinsdag, 13 Maart 1974 begin werk!", vertel hy. Hy sê hulle omstandighede was te moeilik. Sy ma was 'n voltydse verpleegster en sy pa, die bekende Carel Christiaan Germishuys, wat vir 27 jaar die Hoofman op Dyer Eiland was.

Barnie is met Gloudine getroud en het twee dogters, Amore (29) in Franskraal en Bianca (36) in Somerset-Wes. "Ek kan darem spog met twee kleinkinders, Arno en Elke," vertel hy.

Aan die einde van die onderhoud is Barnie gevra of hy, as hy terugkyk op sy beroepslewe, dalk 'n ander roete sou wou kies. Sonder 'n oomblik van huiwering het hy geantwoord: "Nee, nooit! Ek sou alles weer net so wou doen. Vuurtorings is steeds my passie in my lewe." Daarvan getuig die groot hoeveelheid vergrote en geraamde fotos van vuurtorings en bote teen die muur van sy ontspanningskamer.

As dit alles nie 'n vuurtoring-mondvol is nie, wat sou dan wees? "Jy moet net onthou dat vuurtoringmense 'n spesie op hul eie is en hulle sal nooit verander nie," het hy gesê. En moenie met hom redeneer oor 'Vuurtoring' of 'Ligtoring' nie. Dis 'Vuurtoring' en basta met die res. "Die oorsprong van die benaming vuurtoring lê op Robben Eiland," vertel Barnie. Hy sê daar is 'n koppie (bultjie) wat 'Vuurberg' genoem word. Daar is 'n paal met 'n stok bo-op en op die stok was 'n mandjie waarin vuur gemaak is. "Dit is laat sak om die vuur in te maak en dan weer opgetrek, vandaar die benaming: Vuurtoring!", is sy finale antwoord oor Vuurtoring of Ligtoring.

**Hardus Botha**


Dangerpoint Vuurtoring.


## B.A.R.C GANSBAAI
## Birkenhead Animal Rescue Centre

To adopt please call: 083 742 3903













Geborg deur: Gans Berg Nuus/News

R500 per aanneming sluit die volgende in:
1ste inenting en sterilisasie.




THE PLUMBER
PLUMBING SERVICES
Martin: 082 557 6095

Green Futures Nursery at Grootbos

GROOTBOS FOUNDATION

Indigenous plant nursery
Open to public and all keen gardeners
9am - 4pm, Monday - Friday
Tel: 028 384 8043
sharlene@grootbosfoundation.org

OVERBERG ROLL ON LAWN
- Tuinbesproeiing
- Topsoil en Kompos
- Roll-on Lawn
- Snoei & afsaag van bome
- Rommelverwydering
- Skoonmaak van erwe & kleinhoewes
ALTUS DE WITT
082 773 7096 / 082 563 5792

Cooper's Sand, Klip & Skips
083 450 3393
2 cube Skips te Huur
1 & 2 Cube Vragte sand & klip



Raymond Cooper - bcoopersand@gmail.com

HERMANUS MOWERS CENTRE STIHL




ABOVE ALSO AVAILABLE IN BATTERY PRODUCTS
15B MIMOSA STREET HERMANUS 7200 TEL: 028 313 0512

**Het jy 'n probleem? Do you have a problem? Vir hulp skakel, Alkoholiste Anoniem, Linda 083 458 4077**





**JAMES ROUX** PROPERTIES / EIENDOMME
Tel: 028 384 1197
Jumari 071 566 1642
076 936 8860 Christelle
www.gansbaaiproperty.co.za



**Anice Blindings**
Alle soorte blindings & shutters
Vir GRATIS kwotasie
Skakel Andre' 072 563 7228 / Cesly: 082 564 5847

**Maintenance Man**
Noem dit en ons doen dit!
Kontak Deon: 076 838 2890

**TE HUUR**
Bakkie met drywer + 6m sleepwa
*Vervoer meubels - enige plek.*
Sel: 082 556 3044
jossie.pepper1950@gmail.com

**FRIDGE & FREEZER Repairs**
Robert Pace: 082 895 4546

**FYNBOS HARDWARE & TIMBER**
CNR OF METAL & WIMBLEDON RD, BLACKHEATH
PLANKS, BATTENS
PURLINS,
NUTEC PRODUCTS,
ROOFSHEETS ETC.
LOW COST BUILDING MATERIALS
DELIVERY SERVICE

**APPLIANCE Repairs - Riaan**
Freezers, Fridges, Stoves, Diswashers, Microwaves, Washing Machine, Tumble Dryers
072 303 5742 - 084 353 0778

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings
Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
028 384 2450 / 082 371 7283

To advertise contact us at:
Email: ads@gansberg.co.za
Tel: 028 205 0100

**KLEINMOND SKRYNWERKERS**
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

**Ingeboude Kaste**
Ontwerp, Installeer en opgradeering van ingeboude kaste
Gustav - Kleinbaai:
083 629 7876 & 083 881 2696

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**
Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*
Hilton Hitge
084 558 1902
*info@ anglowindows.co.za*
WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

**Te Koop**
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. 028 384 0480



**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R570 per meter
(Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies
10 Jaar waarborg op materiaal
Ons diens dek die hele Overberg
Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

- Opknappings
- Alle bouwerk
- Timmerwerk
- Verfwerk
- Daklek
Bel my vir die BESTE kwotasie in die Overberg.
Dennis: 079 264 2662 - Whatsapp: 071 592 7859

**JAMES ROUX** PROPERTIES / EIENDOMME
Tel: 028 384 1197
028 384 0249
Sel: 074 059 6243
www.gansbaaiproperty.co.za

**BOSMAN VERWERS**
Kontak ons vir 'n kwotasie vir verf van Huise binne/ buite/ houtwerk of dak



Hennie & Elana Bosman
082 570 0907 / 082 533 3580

**Te Koop**
Namibiese Tafeltjie vir R200
Kontak Liesl
083 640 1170

**Te Koop**
Plante vanaf R20 elk
Kontak Mev Barnard
028 388 0193

**House / Pet sitting**
Reliable
Caring
Affordable
Experienced
References available
Contact:
Edelweiss Kirsten
076 947 1194



# Medical 911





CMC CRITICAL MEDICAL CARE
MEDICAL EMERGENCY
066 222 7219

Gansbaai ARRIE NEL APTEEKGROEP
028 384 0637

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

St John Ambulance
EMERGENCY MEDICAL SERVICE
24 HOURS / 7 DAYS A WEEK
Local: 076 585 0899
National: 086 178 5646

**Contact Saskia to advertise in our Medical 911**
083 822 5799 - ads2@gansberg.co.za

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335 |
| CMC Critical Medical Care: | 066 222 7219 |
| EMR Emergency Medical Rescue | 076 585 0899 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |



## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Willem van der Merwe - 083 791 8497
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Anthony Melly - 079 523 8478
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Johan Pieterse - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877
Beverly Hills: Samuel Armando - 078 705 4842

# Brain Teasers / Kopkrappers

## ANSWERS



| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | 4 | 2 | 9 | 5 | 6 | 8 | 1 | 7 |
| 5 | 9 | 1 | 8 | 3 | 7 | 4 | 2 | 6 |
| 6 | 8 | 7 | 1 | 2 | 4 | 3 | 9 | 5 |
| 7 | 6 | 4 | 2 | 1 | 8 | 5 | 3 | 9 |
| 2 | 1 | 9 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 8 | 3 | 5 | 6 | 7 | 9 | 1 | 4 | 2 |
| 9 | 7 | 8 | 4 | 6 | 1 | 2 | 5 | 3 |
| 1 | 2 | 6 | 5 | 9 | 3 | 7 | 8 | 4 |
| 4 | 5 | 3 | 7 | 8 | 2 | 9 | 6 | 1 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2 | | 1 | 3 | | | 5 | |
| | 3 | | | | 9 | 6 | 8 | |
| | | | | 5 | | | 3 | |
| | | | | | | 9 | | |
| 5 | | | | | | | | 3 |
| 9 | | | | | 4 | | | |
| | | | | | | 4 | 6 | |
| 6 | 5 | | | 9 | 7 | 8 | | |
| 8 | 7 | | | 4 | 6 | | | |

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | R | E | K | O | J | E | H | T | R | I | C | H | G | I | R | L | T | H | G |
| L | M | B | V | I | E | A | R | E | Y | H | Y | W | A | D | Y | E | T | L | N |
| Y | L | A | O | I | N | B | S | O | S | O | A | O | A | A | N | E | K | W | I |
| A | O | B | C | G | L | A | R | A | X | T | U | N | V | I | B | C | R | D | M |
| L | S | B | I | A | E | A | W | O | E | A | C | R | K | N | O | I | D | R | A |
| B | U | E | W | R | R | R | N | R | W | I | N | L | S | R | O | B | O | I | E |
| M | P | O | G | O | A | T | L | I | N | N | A | N | E | O | O | C | O | B | R |
| A | E | N | Y | C | C | O | H | G | Y | T | S | L | E | F | N | R | L | E | D |
| G | R | O | R | N | O | E | Q | U | E | A | I | U | K | I | U | G | B | E | S |
| G | S | T | H | K | I | U | N | V | R | D | T | I | G | L | S | F | D | R | E |
| I | T | R | I | A | E | V | I | O | O | P | Z | S | O | A | I | F | A | F | V |
| E | I | A | A | E | D | J | O | C | T | U | A | W | N | C | R | U | B | S | O |
| M | T | G | N | R | D | R | O | L | M | S | D | R | T | L | D | T | U | E | M |
| A | I | E | N | F | H | R | E | P | S | O | E | A | K | E | U | S | O | Y | T |
| Y | O | D | O | E | C | E | O | A | W | U | N | N | L | T | K | T | Y | E | H |
| O | N | Y | N | L | L | P | E | N | M | O | N | E | I | O | E | O | S | D | G |
| C | R | A | C | K | L | I | N | R | O | S | I | E | Y | H | L | H | S | A | I |
| A | K | I | S | L | A | N | D | G | I | R | L | T | V | R | R | I | I | S | N |
| F | A | M | E | S | S | A | L | G | F | O | T | R | A | E | H | O | M | E | E |

ANGIE
BABE
BAD BLOOD
BETH
BROWN SUGAR
CAR WASH
CONVOY
CRACKLIN' ROSIE
CROCODILE ROCK
DANCING QUEEN
DREAMING
DREAMS
FAME
FREE BIRD
GREASE
HEART OF GLASS
HOT STUFF
HOTEL CALIFORNIA
ISLAND GIRL
JIVE TALKIN'
LAYLA
LE FREAK
LOLA
LOVIN' YOU
LOWDOWN
MACARTHUR PARK
MAGGIE MAY
MISS YOU
MONEY
NIGHT MOVES
OHIO
POP MUZIK
RHIANNON
RHINESTONE COWBOY
RICH GIRL
ROXANNE
SAD EYES
SIR DUKE
STAYIN' ALIVE
SUPERSTITION
THE JOKER
TRAGEDY
VENUS
WATERLOO
YOUR SONG





# Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 18/03/2022 | Saturday 19/03/2022 | Sunday 20/03/2022 | Monday 21/03/2022 | Tuesday 22/03/2022 | Wednesday 23/03/2022 |
|---|---|---|---|---|---|
| 25° | 27° | 25° | 28° | 30° | 24° |
| Moderate Breeze, 6 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Fresh Breeze. 8 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Moderate Breeze, 6 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from west 0 mm precipitation. |

# Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | Hoogwater VM | Hoogwater NM | Laagwater VM | Laagwater NM |
|---|---|---|---|---|
| 18 Mrt | 0327 | 1545 | 0938 | 2145 |
| 19 Mrt | 0358 | 1618 | 1011 | 2217 |
| 20 Mrt | 0431 | 1653 | 1045 | 2251 |
| 21 Mrt | 0505 | 1729 | 1121 | 2327 |
| 22 Mrt | 0542 | 1809 | 1159 | - |
| 23 Mrt | 0623 | 1857 | 0008 | 1244 |
| 24 Mrt | 0715 | 2003 | 0058 | 1342 |
| 25 Mrt | 0832 | 2150 | 0214 | 1518 |
| 26 Mrt | 1032 | 2341 | 0419 | 1721 |
| 27 Mrt | 1212 | - | 0604 | 1839 |
| 28 Mrt | 0049 | 1314 | 0708 | 1930 |
| 29 Mrt | 0138 | 1359 | 0754 | 2010 |
| 30 Mrt | 0217 | 1437 | 0832 | 2044 |
| 31 Mrt | 0253 | 1512 | 0907 | 2116 |

Gans Berg Nuus/News

**OFFICE:**
**028 205 0100**



*Michelle van Zyl*
Owner / Advertising
ads@gansberg.co.za
078 010 8286



*Melissa van der Merwe*
Graphic Designer
design@gansberg.co.za
Editorial Content
info@gansberg.co.za



*Hardus Botha*
Journalist
info2@gansberg.co.za
082 786 0494



*Saskia van Zyl*
Advertising Consultant
ads2@gansberg.co.za
083 822 5799

# Verwoestende Veldbrande... met 'duisternis-gevolge'

*Foto's: Mark Robson*




## B.A.R.C GANSBAAI
## Birkenhead Animal Rescue Centre

**To adopt please call: 083 742 3903**



Geborg deur: Gans-Berg Nuus/News

**R500 per aanneming sluit die volgende in: 1ste inenting en sterilisasie.**


The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder die vooraf skriftelike magtiging van die Gans-Berg News gereproduseer, gestoor, gemanipuleer word in enige herwinningstelsel, of in enige meganiese, elektroniese vorm versend word op enige ander manier nie. Enige persoon wat betrokke raak by enige ongemagtigde aktiwiteit met betrekking tot hierdie publikasie sal aanspreeklik wees vir kriminele vervolging en eise vir siviele en kriminele skadevergoeding.

All rights reserved. No part of this publication may be reproduced, stored, manipulated in any recycling system, or electronic form or transmitted in any other way without the prior written authorization of the Gans-Berg News. Any person involved in any unauthorized activity relating to this publication will be liable for criminal prosecution and claims for civil and criminal damages.

Press Council

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

# Brief: Die Redakteur Gans-Berg Nuus
# Dankie vir uitstaande dienste gelewer -Gans-Berg Nuus en Mike Dunston-

Ek het beplan om my huis te laat verf, maar was bekommerd oor kwaliteit-verwers, oor die korrekte voorbereiding en korrekte verf wat gebruik moes word. Ek is 'n enkellopende vrou en beskik oor geen kennis van verfwerk nie.

Ek is 'n gereelde leser van die Gans-Berg Nuus en het 'n beriggie in die uitgawe van 24 Desember 2021 oor Mike Dunston, eienaar van *Dunston Painters & Renovations*, gelees. Steeds was ek maar versigtig en het die joernalis, wat die berig geskryf het, gekontak. Hy het my onomwonde meegedeel dat hy Mike al vir baie jare ken en dat hy 'n gereelde adverteerder is met skriftelike verwysings oor die gehalte van sy werk. Ek het ook verneem dat Mike 'n ernstige gemeenskaps- en kerkmens is en my vertroue in hom is aangewakker.
Mike het my persoonlik (en netjies geklee) kom sien vir 'n kwotasie. Die huis is baie groot met drie vlakke aan die een kant en is baie hoog met hoë skoorstene wat ingesluit moes word, asook drie hoë grensmure.
Voorheen was die huis groen met 'n rooi dak - nou is alles pragtig grys en netjies.

*Mike Dunston (middel), saam met sy twee regterhande, Jesley Titus (links) en Frederich Marthinus. (Argieffoto: Gans-Berg Nuus)*




Mike het gesê dat dit minstens 'n 5 weke projek sal wees en dan was daar nog erge wind en reën wat die werk beïnvloed het. Ek was tevrede met sy kwotasie, die voorbereiding soos hy voorgestel het, asook met sy voorstel oor gehalte verf. Hy maak ook van sy eie gereedskap gebruik en ek het vinnig agtergekom dat daar nie sprake van 'n verskuilde agenda is nie. Mike het op Maandag, 24 Januarie 2022 met die verf van die huis begin.

Hy het van die begin af gesê hy jaag nie sy werk af nie en dat hy ook baie tyd aan die voorbereiding spandeer, wat die belangrikste van kwaliteit verfwerk is. Mike was ook geduldig en het met aandag geluister wanneer ek vrae vra en direk aandag daaraan verleen. Lang storie kort, Mike het homself as 'n uitstekende vakman bewys en selfs vir my as 'n leek op hierdie gebied, kon ek die kwaliteit en netheid van sy werk raaksien. Vriende en bure wat soms kom kyk het, was dit so eens dat Mike uitstekende werk lewer, dat hy sommer weer navrae oor kwotasies gekry het. Mike, wat sy besigheid in 2021 opgradeer het, se kontaknommer is 063 708 4283.

Vir my het dit agterna gelyk asof 'n feetjie met 'n towerstaf om die huis gevlieg het so netjies en skoon is alles agtergelaat! Baie dankie aan Gans-Berg Nuus vir julle berig en julle verwysing oor Mike Dunston. 'n Baie groot dankie aan Mike vir uitstekende kwaliteitwerk wat hy en sy span gelewer het - voorwaar 'n geval van puik dubbele dienslewering in Gansbaai!

**Met vriendelike groete,**
**Tevrede Kleinbaai-inwoner**

# Twaalf jongmense nou volwaardige NG-lidmate



*Die twaalf nuwe lidmate.*

Sondag, 12 Maart 2022 was 'n baie spesiale dag vir twaalf pragtige jongmense wat hulle finale katkisasie-jaar suksesvol deurloop het. Hierdie groep het hul Belydenis van Geloof voor God en die gemeente afgelê en is nou volwaardige lidmate van die NG-Kerk.

Ds Hanri Joubert het die Erediens gelei, asook die voorstelling van die katkisante aan die gemeente. Die nuwe lidmate is amptelik verwelkom en deur ds Joubert, Deon Naudé en Annette van Zyl namens die Kerkraad en gemeente gelukgewens met hierdie mylpaal in hul lewens. Ouers en familie is genooi om 'n koppie tee of koffie in die saal saam met die jongmense te gaan geniet.




*Ds Hanri Joubert.*

Die twaalf nuwe lidmate (alfabeties) is: AJ Bosch, Anri van Niekerk, Charl Eksteen, Christof Dahl, Frederick Joubert, Gavin Middleton, George Groenewald, Hugo Carstens, Lynmari Liebenberg, Mia van Eeden, Nadine Groenewald en Schalk van der Merwe.

**Hardus Botha**




**19 March '22**
***Gansbaai Tourism Coastal Cleanup*** @ Stanfords Cove 13:00 - 14:00
Doulene Els: 082 841 1670

**19 & 20 March '22**
***Lomond Harvest Weekend*** @ Lomond Wine Estate
10:00 - 16:00
Lomond: 082 296 2272

**20 March'22**
***March for the Penguins*** @ Lomond Wine Estate
08:00 - 10:00
Brenda Walters: 076 061 3114

**1 - 3 April '22**
Reforest Festival
1 April 14:00 to 3 April 14:00
@ Bodhi Khaya Retreat
claudia@greenpop.org

**9 April '22**
Strandveld Hiking Club - Klipgat Trail
07:00
@ Spar Parking Lot
Otto: 083 517 8658

**14 April '22**
Easter Welcome Campaign
15:00 - 16:00
@ R43, Gansbaai
Glenda: 028 384 1439

**Let us know what's happening**

**Contact us:**
**028 205 0100**
**Email us:**
**info@gansberg.co.za**

# *Elim*





## Church Notices

**AGS Church Ebenhaezer:**
Sunday Morning: 09:30am
Past. R Dyk 082 430 0266
Biduur (Mans) Dinsdag: 19h00
Biduur (Susters) Donderdag: 19h00

**AGS Mullerstraat:**
Sunday Morning: 09:00am (Worship Service)
Past. Frikkie Zeelie 082 498 6992

**Afrikaanse Protestantse Kerk (Birkenhead Boatclub)**
Sunday of the Month: 10:00am
Annetjie Otto 082 431 4980

**Lede in Christus Kerk**
Morning Service 10:00am
Evening Service 18:00pm
Wednesday: (Prayer hour) 19:00pm
Thursday: (Bible School) 18:15pm
Friday: (Womens Prayer hour) 10:00am
Sunday: (Childrens Service) 08:30am
Past William Parkin 060 982 1990

**Nederduitsch Hervormde Kerk (Hermanus)**
Every 2nd, 3nd and 4th Sunday (Sandbaai): 11:30am
Rev G.D van der Merwe 073 418 2346

**New Apostolic Church (Gansbaai Tourism Bureau Next to Spar)**
Sunday 09:00am
Wednesday 19:00pm
Rector: Aubrey Lourens 076 651 6789

**NGK Gansbaai**
Sunday 09:00am (In Church)
Sunday 09:00am (Family Service in Pretorius Hall)
Office number: 028 384 0510

**NGK Baardskeerdersbos**
1st and 3rd Sunday of the Month: 09:30am

**NGK Pearly Beach**
2nd and 4th Sunday of the Month 09:30am

**OMGEE Bediening (Church Street, Gansbaai)**
Sunday 09:00am
Tuesday 07:00am (Men's Bible Study)
Wednesday 18:00 (Prayer)
Deon en Linda Kloppers 083 234 2199 & 082 550 7313

**OMGEE Puren Bediening (Pearly Beach)**
Sunday 11:00am (Hall at Resort)
Deon Kloppers 082 234 2199 (Alan Lowenthal)

**Gansbaai Family Church (Buitekant Street)**
Sunday 09:00am
Weekly Prayer Meeting: Tuesday's at 17:00pm
Melissa Bester 081 389 3817 (All are Welcome)

**APK Kerk**
20 March
Annetjie: 082 431 4980

**Grace Community Fellowship, Gansbaai**
We are English, A Bible Based, Evangelical Fellowship.
Meets at Gansbaai Library
Sundays at 09:00
Enquiries:
Shirley Coetzee 082 778 8665

**Wondersig Tabernakel (Christen Kerk)**
Almal hartlik welkom
Sondae oggende: 10:45
By OMGEE bediening kerksaal
Kerkstraat 30, Gansbaai
Pastoor F Janssen 079 419 7070

**Please contact us on 028 205 0100 or email at info@gansberg.co.za to update your Church hours and dates.**

# Franskraal Rolbalklub Rolbal Besigheidsliga 2022

Die Rolbal Besigheidsliga 2022 se uitdunwedstryde is elke Dinsdag (vanaf 1 Februarie 2022) gespeel. Na die eerste 3 wedstryde is die spanne in 3 seksies opgedeel, waarna hulle 'sterk teen sterk' in die onderskeie seksies meegeding het. Die finaal is op Dinsdag, 8 Maart 2022 gespeel, met senuwees so hier en daar, maar deurgaans is 'n fantastiese onderlinge gees gehandhaaf.

Die A-groep wenners van die besigheidsliga vir 2022 was:
1ste - L en S Motors; 2de - Aqunion Romansbaai; 3de - Gansbaai OK Foods.
Die 2de Seksie Plaat is deur die Birkenhead Boothengelklub ingepalm en die 3de Seksie Skild deur Gansbaai Gholfklub. Baie geluk aan al die wenners!

'n Span het uit 4 spelers (enige formaat) bestaan. Alleenlik spelers wat vir ten minste een jaar nie by 'n klub geaffilieer was nie, kon deelneem en twee spanne per besigheid is toegelaat.

Die volgende 18 spanne (alfabeties) het ingeskryf: Aqunion Romansbaai, Andre's Kitchens, Birkenhead Boothengelklub, Braai Buddies A, Braai Buddies B, Build It Group, Build It, Burmar Civils, Burmar Concrete Products, Burmar, FCS Distributors & Laubscher Trading, Gansbaai Golf Club, Gansbaai Lionsklub, Gansbaai OK Foods, Gansbaai SAPD, Gansbaai Trading, L en S Motors, Overstrand Makelaars en Overstrand Meubels.

Na afloop van die prysuitdelings, het die gaste en deelnemers gesellig saamgekuier en geëet. "Ons sê baie dankie aan elke span wat deelgeneem het," het Johan Wiese van Franskraal Rolbalklub gesê. "Ons hoop om julle almal weer volgende jaar op ons rolbalbane te sien." (Prysuitdelingsfoto's: Jane Bailey)

**Hardus Botha**


*A-groep, 1ste: L en S Motors.*


*A-groep, 2de: Aqunion Romansbaai.*


*A-groep, 3de: Gansbaai OK Foods.*


*2de Seksie Plaat: Birkenhead Boothengelklub.*


*3de Seksie Skild: Gansbaai Gholfklub.*


*Waar is die Top-braaispan se trofee dan? (Nico Knoesen & Stephan Chambers).*









# Funksie-aand-jolyt ná dag se boothengel -Birkenhead Boothengelklub-

Maandelikse boothengeldae is elke maand 'n hoogtepunt vir die hengelaars van die Birkenhead Boothengelklub, maar ook vir ander hengelklubs. Dit is egter nie waar alles eindig nie - die aandfunksies is eweneens van groot belang. Dan is dit die tyd vir pryse oorhandig, saamkuier en -eet, maar veral ook die gesweef van paartjies op die dansvloer.

So was dit weer die geval in die Birkenheaders se klubsaal op Saterdagaand, 5 Maart 2022. Die funksie is baie goed bygewoon en die aand het uiters gesellig verloop. Voorsitter Robbie Nelson het die verwelkoming en bedankings hanteer, waarna hy die pryse aan die dag se hengelaars oorhandig het. Die ete, *spare ribs* en bykomstighede deur Elize Burger en De Wet Gilliomee, was vanuit die boonste rakke. Met Jan Lourens se op en wakker 'Musiekfabriek' kon die res van die aand net genotvol wees.

'n Blyk van waardering is aan Margi Muller (besprekings) en George Rowan (bestuurslid) oorhandig. Altwee het uitgetree. Francis Swart het by Margi oorgeneem en Charlie Steyn is as 'n nuwe bestuurslid in George se plek verwelkom. Margie sal steeds behulpsaam wees met sekere van die pligte. Die gelukkige kaartjie-nommers wat getrek is, het 'n bottel wyn aan drie eienaars besorg. Hulle is Steve Muller, Jan van Vuuren en Anita Vermeulen. Daarna is daar net gedans en gekuier tot laataand.

**Hardus Botha**



*Pryswenners Ben Uys, Colleen Kemm en Charlie Steyn,*



*Pryswenners Johannes Hanekom, Leon Lombard en Terry Terblanche.*



*Voorsitters-egpaar, Robbie en Marié Nelson saam met Margi en Steve Muller wat blyke van waardering ontvang het.*



*George Rowan (uittredende bestuurslid) en Charlie Steyn (nuwe bestuurslid).*



*Gelukkige lootjie-wenners: Steve Muller, Anita Vermeulen en Jan van Vuuren.*



*Vrolike 'Lyndansers'.*



***Gansbaai se 'kosfabriek' (Gansbaai Marine) op 'n rustige Sondagoggend***



**Baie geluk aan Laerskool Gansbaai se Hoofdogter, Carli Swart, met haar 4de plek in die 1500m Stap vir dogters o/13 tydens die WP Atletiekbyeenkoms. 'n Merkwaardige prestasie. Verlede week het die Gans-Berg Nuus (11 Maart 2022) berig geplaas oor Carli wat in die Boland Atletiekspan opgeneem is.**

**Hardus Botha**

GANSBAAI FITMENT CENTRE
028 384 0018
"Opposite Build-It"
"We supply all makes of tyres"
Keep your car roadworthy and safe

Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Pearly Beach, Baardskeerdersbos, Elim, Bredasdorp, Napier, Hermanus, Stanford

# Sport

SAFE SECURITY SYSTEMS
34 Main Road Gansbaai 7220
Tel: 028 384 1900

OK Foods
Tel: 028 384 0001 GANSBAAI
WINKELURE
Maan - Sat
07:00 - 19:00
Sondag
07:00 - 15:00
MYLAND BILTONG
OK Liquor
Tel: 028 384 3862
Mon - Fri
08:00 - 19:00
Saturday
08:00 - 19:00
Sunday
08:00 - 15:00

# BD's laat die speke sing -Hoërskool Bredasdorp-



Minke du Toit en haar pa, Pieter du Toit.



Mnr JP Terblanche, Dian Fourie en John Dunn.



Mnr Müller Retief, skoolhoof.

"Hoërskool Bredasdorp is baie trots op hulle twee opvoeders en drie BD's (leerders) wat verlede Sondag die 109km van die Argus-fietswedren in nat toestande suksesvol afgelê het," vertel Soretha Kotzé, sekretaresse. "Ten spyte van die eendeweer, het hulle dit baie geniet."

Dit was egter nie net die leerders nie. Soretha sê mnr Müller Retief, skoolhoof, het sy 22ste wedren voltooi en mnr Terblanche sy derde. Dit was Dian Fourie (Gr 9) en John Dunn (Gr 11) se tweede Argus wat hulle aangedurf het. Vir Minke du Toit (Gr 10) was dit 'n heel eerste Argus en sy het saam met haar pa, Pieter, gery. "Ek het dit baie geniet en opwindend gevind," het Minke gesê.

**Hardus Botha**

# Gansbaai Gholfklub

## Klubkampioene vir 2022

## -Barry Fourie en Marie Fourie-

Vanjaar se trotse Klubkampioene vir 2022 is Barry Fourie (Manskampioen) en Marie Fourie (Dameskampioen).



2022 Klubkampioene: Barry Fourie (Manskampioen) en Marie Fourie (Dameskampioen).

**Woensdag, 9 Maart:**
Pieter Otto wen die Sloegterskompetisie met 42 punte, gevolg deur Daan Victor 38, Marietjie de Villiers 38, Clive Bailey 34, Johan Pfister 34, Joe Cesare 33, Hugo Groenewald 32, Johan Coetzee 30, John Wellman 30 en Bev Swart 29.
Naaste aan die pen op no 15 vanaf die rooi bowwe was Daan Victor.
Spog Twee's word aangeteken deur Johan Pfister (11), Marietjie de Villiers (17), Clive Bailey (17) en Bev Swart (17).

**Vrydag, 11 Maart:**
Pero Heyns wen die OK Foods 9-putjie kompetisie met 15 punte, gevolg deur Pietie Dry 14, Kobus Booysen 14, Toni Sauter 13, Sakkie van der Merwe 13 en John Smith 11.

**Saterdag, 12 Maart:**
Dit was die jaarlikse Klubkampioenskappe, met Barry Fourie as die Manskampioen met 164 bruto. Die Dameskampioen was Marie Fourie met 190 bruto. Hartlik geluk aan albei van julle!



Pieter Loubser (A-Afd).

Die uitslag van die verskillende afdelings is soos volg: *A-Afdeling:* Pieter Loubser 165 en Francois van der Merwe 168; *B-Afdeling:* Cobus Dippenaar 167 en Johan Coetzee 172; *C-Afdeling:* Clive Bailey 190 en Bertie Laubscher 200; *Dames Afdeling:* Rene Myburgh 197, Marietjie de Villiers 204 en Gina Esterhuizen 209; *Pryse vir Beste Net:* Daan Victor 143 en Marietjie de Villiers 150.
Hartlik geluk aan al die wenners en dankie vir julle deelname aan 'n baie aangename dag!



Daan Victor (Beste Net) en Clive Bailey (C-Afd).



Marietjie de Villiers (Beste Net Dames).

**Saterdag, 19 Maart:**
Kompetisie is 'n Gekombineerde Stableford.

**Vrydag, 25 Maart:**
Steak Aand - Besprekings moet vroegtydig by die kroeg ingehandig word.

**Verjaarsdae:**
Deon Momberg 17de, Andre Hage 17de, Uta Radenhaeuser 17de, Charl Celliers 22ste, Rene Lambrecht 23ste, Alex Moster 24ste, Sakkie van der Merwe 26ste.

**Gholf-groete,**
**Johan Coetzee 082 878 0534**
gbgholf@gmail.com
www.gansbaaigolfclub.com